

Nuwe Lied Bediening



Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofprysing tot ons God sodat baie dit sal sien en respekvol vrees en op Yahuah vertrou. Ps.40:3.

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua, Die Gesalfde Een, die Lewende Torah is – die Woord van יהוה wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!

Yeshua is die hart van die Vader!

Parashah 3: *Lech L'cha* – Jy, Gaan jy!

יהוה *het vir Avram gesê: "Jy, gaan jy uit jou land, uit jou familie en uit jou vader se huis uit, na 'n land wat Ek jou sal wys... Gen. 12:1 – PWL¹*

Torah: Gen. 12:1 tot 17:27.

Haftorah: Jes. 40:27 tot 41:16.

Nuwe Verbond: Matt. 1:1 tot 17; Hand. 7:1 tot 8, Rom. 4:1 tot 25; Gal. 3:1 tot 29; Heb. 7:1 tot 19; Heb. 11:8 tot 12.

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige jare se notas vir Parashah 3 wat afgelaai kan word by: http://nuwelied.info/?page_id=1182

I can't change the direction of the wind, but I can adjust my sails to reach my destination – Jimmy Dean.

There are two ways to be fooled. One is to believe what is not true. The other is to refuse to accept what is true – Soren Kierkegaard.

The remarkable thing about God is that when you fear God, you fear nothing else, whereas if you do not fear God, you fear everything else – Oswald Chambers.

יהוה does not want intellectual converts. He wants committed disciples – Yedidah.

If you look up into His face and say, "Yes, Lord, whatever it costs," at that moment He'll flood your Life with His presence and power. – Alan Redpath.

God gives His Own Self totally to us that we may offer ourselves completely to Him – Watchman Nee.

¹ Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling (www.padwlewe.ch), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by gerrie@padwlewe.ch gekontak word of telefonies by 074 361 2134.

Torah Bespreking

Hersiening

Die Afgesonderde Skrifte is 'n boek van יהוה se verbonde en word verdeel in die ou verbond en die nuwe verbond. Hierdie verdeling is egter verwarrend omrede dit by baie die indruk laat dat die twee verbonde weinig met mekaar te doen het.

Die verdeling van die Skrifte in die ou- en die nuwe verbond is egter eers in die vierde eeu deur sommige van die kerkvaders gedoen, hoofsaaklik op grond van hul verkeerdlike siening dat die ou verbond 'n verbond van werke was en die nuwe verbond 'n verbond van onverdiende guns is. Dit is dan ook juis hierdie verdeling wat bydra tot die hedendaagse siening dat die wet (die Torah) opgehef is en dat gelowiges derhalwe vry van God se wet is en onder die onverdiende guns leef.

Maar in verlede week se Torahskriflesing het ons geleer dat יהוה se onverdiende guns en Sy onpartydige opregtheid net so deel van die ou verbond was as wat dit deel van die nuwe verbond is! Noag was die bewys daarvan! Van die begin af behels יהוה se onpartydige opregtheid dus vertrou in God se onverdiende guns en getrouheid wat gehoorsaamheid aan God se Torah vereis!

Maar daar is egter een groot verskil tussen die twee verbonde, naamlik dat Yeshua, dié Gesalfde Een, nou die enigste weg is tot יהוה se onverdiende guns en Sy onpartydige opregtheid. Daarom het Yeshua gesê:

Ek is, was, sal wees Wie Ek is, was, sal wees, die Pad, die Waarheid en die Lewe; niemand gaan na My Vader toe nie, behalwe deur My. Joh. 14:7.

Maar die geskiedenis van Noag is ook bevestiging dat יהוה 'n God van oordeel is, wat die sonde nie ongestraf sal oorsien nie.

'יהוה' vat lank om kwaad te word en is oorvloedig in liefdevolle sagtheid, wat sonde en wetsoortreding vergewe, maar nie die skuldige vryskeld nie; wat die onregverdigheid van die vaders die kinders laat beïnvloed, in die derde en vierde geslag.' Num. 14:18

Daarom sal die dae van Noag aan die einde van die eeue herhaal word en sal יהוה se uurglas van onverdiende guns weereens leegloop en sal God die mensdom oordeel! Die boek van Openbaring is die bevestiging hiervan!

Daarom hou hierdie week se Torahskriflesing vir ons elkeen 'n baie belangrike les in, naamlik om soos Avraham ook weg te trek uit Bavel (Babilon) uit!

There are moments when we are called upon to take the uncharted path, doing the "impossible" and following only the word of God.

In hierdie week se Torahskriflesing (*Lech L'cha*) leer ons ook dat Avraham deur vertrou en gehoorsaamheid as onpartydig en opreg verklaar was.

Avram het in יהוה vertrou en Hy het hom dít tot onpartydige opregtheid gereken. Gen. 15:6

Avraham is deur vertrou in יהוה regverdig (opreg en onskuldig) verklaar, maar was deur gehoorsaamheid aan יהוה se opdragte, bevele, verordeninge en wette geseën (Gen. 26:4-5).

Jy, gaan jy!

Vanaf Adam tot Noag is dit 10 geslagte en van Noag tot Avram is dit 10 geslagte. Die getal 10 is die numeriese waarde van die letter *yod* waarvan die piktogram 'n arm met hand is. Die getal 10 is dus simbolies van die arm (hand) van יהוה, maar is ook simbolies van orde en van dit wat voltooi (afgehandel) is. Dit dui daarop dat 'n punt van groot erns en omvang bereik is – 'n punt van verandering! Na die eerste 10 geslagte was dit יהוה se oordeel deur die sondvloed. Na 'n verdere 10 geslagte is daar weer 'n punt van groot verandering bereik, naamlik die begin van יהוה se volk waaruit die Verlosser as die Lam van God sal kom!

Daarom moes Avram wegtrek uit Ur van die Kasseërs (Chaldeërs – antieke Babilon (Bavel)) waar afgodery aan die orde van die dag was.

¹ יהוה het vir Avram gesê: “Jy, gaan jy uit jou land, uit jou familie en uit jou vader se huis uit, na 'n land wat Ek jou sal wys

² en Ek sal jou 'n groot nasie maak en jou seën en jou karakter en outoriteit (naam) groot maak en jy sal 'n seën wees

³ en Ek sal diegene seën wat jou seën en hom vervloek wat jou vervloek en in jou sal al die families van die aarde geseën word.” Gen. 12:1-3.

Volgens Jos. 24:2 was Avram se vader, Terag, 'n afgodsdienaar.

Y'hoshua het vir al die mense gesê: “So sê יהוה, die God van Yisra'el: ‘Van antieke tye af het julle vaders oorkant die Rivier (Eufraat) gebly; Terag, die vader van Avraham en die vader van Nagor en hulle het ander gode gedien.

Avram het dus groot geword in 'n huishouding gekenmerk deur afgodery. Bavel beteken *verwarring deur vermenging*, asook *mengsel*, en daarom moes Avram uit die geestelike verwarring van sinkretisme (vermenging van godsdienste) kom. Haran, waar Avram tot die dood van sy vader Terag gewoon het, was dus nie die eindbestemming van Avram nie. Nee, hy moes gaan tot in Kena'an (Kanaän) waar hy die begin van die saad sal wees waaruit יהוה se eiendomsvolk sou ontstaan.

Die geskiedenis van Avraham dien as herinnering dat ons ook geroep is om ‘te trek’ (om uit te kom) uit 'n omgewing van sinkretisme. Ons is bekend met die elemente van afgodery in die Christendom, soos Kersfees en *Easter*, maar min gelowiges in Yeshua is bekend met die afgodery waarmee Rabbynse Judaïsme ook besoedel is! Ons is dus ook geroep om, indien nodig, *uit ons vader se huis en uit ons familie te gaan* na die ‘Beloofde Land’ van Torah-gehoorsaamheid soos dit in Yeshua vervolmaak is en in die Skrifte van die nuwe verbond openbaar gemaak is.

Ook vandag hoor ons die stem van die Afgesonderde Gees wat ons roep om uit geestelike Bavel te kom. Dit dien as herinnering aan die volgende Skrifgedeeltes:

Gaan weg van Bavel! Vlug weg van die Kasseërs! Verklaar met die klank van vreugdevolle krete, verkondig dit, stuur dit uit na die eindes van die aarde!” Sê: “יהוה het Sy kneg Ya'akov losgekoop.” Jes. 48:20

“As gevolg hiervan,” sê יהוה, “gaan van tussen hulle uit, skei jou af van hulle, raak nie die dinge wat onrein is, aan nie en Ek sal julle ontvang. 2Kor. 6:17.

Ek het 'n ander stem uit die hemel hoor sê: “Gaan uit haar uit, My volk sodat julle nie deel kry aan haar sondes en nie van haar plaë ontvang nie. Open. 18:4.

Bavel is ook 'n sinnebeeld van die boom van kennis van goed en kwaad – 'n mengsel van die goeie en die slegte. Om te eet van hierdie boom is die wortel van geestelike verwarring en misleiding. Om uit Bavel te kom is om terug te keer om versadig te word van die vrug van die Boom van Lewe, naamlik Yeshua, die vleesgeworde Torah.

51אֲנִי אֵל – Ek is, was, sal wees Wie Ek is, was, sal wees, die Lewende Brood, wat vanuit die hemel afgekom het. As iemand van hierdie Brood eet, sal hy lewe tot in ewigheid. Die Brood wat Ek sal gee, is My liggaam, wat Ek ter wille van die lewe van die wêreld, sal gee.”

57Net soos die Lewende Vader My gestuur het en Ek as gevolg van die Vader lewe, net so sal hy wat My eet, ook as gevolg van My lewe.

58Hierdie is die Brood wat vanuit die hemel afgekom het; nie soos julle vaders wat die 'man hu' geëet en doodgegaan het nie; wie hierdie Brood eet, sal tot in ewigheid lewe.”
Joh. 6:51, 57-58.

Wat die roeping van Avram aan betref, gee Stefanos vir ons verdere duidelikheid soos wat dit in Hand. 7:2-5 opgeteken is:

2 “Broers en vaders, luister! Die God van eer, lof en aanbidding het verskyn aan ons vader Avraham toe hy in `Aram Naharayim (tussen die riviere) was, voordat hy in Haran gewoon het,

3 en vir hom gesê: ‘Trek uit jou land en uit die teenwoordigheid van die kinders van jou familie en kom na die land wat Ek jou sal wys.’

4 Toe het Avraham uitgetrek uit die land van die Kasseërs en in Haran gaan woon en ná die dood van sy vader het Hy hom daarvandaan laat trek na hierdie land waarin julle nou bly

5 en Hy het hom geen erfdeel daarin gegee nie, selfs nie 'n voetspoor nie; tog het Hy belowe om dit aan hom en sy nageslag ná hom as erfenis te gee, toe hy nog geen seun gehad het nie.

יהוה het aan Avram op 'n wyse verskyn en openbaar gemaak dat daar by hom geen twyfel bestaan het as om gehoorsaam te wees nie. Mag ons ook in hierdie tye die roepstem van יהוה se Gees so duidelik hoor dat daar by ons geen twyfel bestaan nie om uit die Bavel van geestelike misleiding “weg te trek” en met vertroue te gaan tot in die “Beloofde Land” van gehoorsaamheid aan al יהוה se instruksies en onderrig soos dit in Yeshua vervolmaak is!

Bepeins of Bespreek

1. Dikwels is ons ook bereid om uit 'Bavel' weg te trek, maar dan neem ons sekere bindinge, laste en 'bagasie' met ons saam! Ons trek tot by Haran, maar dan nie verder nie. Die naam *Haran* beteken: *verdor* en *verdroog* – by Haran sal ons verdroog en verdor! Ons moet uit Bavel, verby Haran tot in Kena'an gaan! Kan ons bekostig om net 'halfpad' gehoorsaam te wees? Gehoorsaamheid wat uitgestel word is ongehoorsaamheid! Goeie bedoelings is nie 'n plaasvervanger vir gehoorsaamheid nie! 'n Artikel oor goeie bedoelings kan afgelaai word by: [Goeie Bedoelings](#)

Vertroue tot Opregtheid en Onskuld

Avraham is ons voorbeeld, en die vader, van ons vertroue tot opregtheid en onskuld. So lees ons in Gen. 15:6 die volgende:

Avram het in יהוה vertrou en Hy het hom dít tot opregtheid en onskuld gereken.

Die Hebreus vir die woord *vertrou* (*glo*) is *aman* en dit beteken om *te ondersteun, te bevestig en getrou te wees* (H539 – Brown-Driver-Brigg's Hebrew Definitions). Onpartydige opregtheid deur vertroue, vereis dus ook getrouheid.

Eerstens is dit vertroue in die liefde (onverdiende guns) en die absolute regverdigheid van יהוה. Dit is 'n absolute vertroue dat God liefde en regverdigheid is. Dit is vertroue in יהוה se getrouheid, want Hy is die getroue Verbondsgod.

Weet daarom dat יהוה, jou God, God is, die getroue Magtige God, wat Sy verbond en Sy onverdiende guns hou tot 'n duisendste geslag met dié wat Hom lief het en Sy opdragte gehoorsaam. Deut. 7:9

Tweedens is dit getrouheid (gehoorsaamheid) aan יהוה se Torah, naamlik Sy liefdevolle onderrig en instruksies. Vertroue is dus nie net intellektuele erkenning van 'n feit nie, maar is 'n aksie (handeling) van vertroue in יהוה se getrouheid, asook die aksie van getroue (nougessette, gehoorsame) handeling volgens alles wat יהוה gespreek het. Vertroue vereis dus altyd bepaalde aksie wat meer as net blote intellektuele kennis aangaande יהוה is. Vertroue volgens Hebreuse denke is dus aksiegedrewe – dit is wat elkeen wat vertrou moet doen!

Indien Gen. 12:1-4, asook Gen. 15:1-6 en Gen. 17:1-13 met Rom. 4:1-16 vergelyk word, is dit duidelik dat Avraham deur vertroue in יהוה en getrouheid aan יהוה as onpartydig en opreg (opreg en sonder skuld) verklaar is. Onpartydige opregtheid deur vertroue en getrouheid is die onverdiende guns van יהוה en is nie op grond van verdienste nie, want my vertroue en getrouheid is nooit volmaak nie. Hoewel ek nie daarin slaag om יהוה ten volle te vertrou en ten volle getrou te wees nie, word ek nogtans deur die onverdiende guns in Yeshua as onpartydig en opreg verklaar.

Dit is derhalwe 'n wanpersepsie dat Yisra'el onder die ou verbond gered was op grond van hulle goeie werke, naamlik die onderhouding van die wet (die Torah). Die vrug (resultaat, gevolg) van Avram se vertroue tot onpartydige opregtheid (opregtheid en onskuld) was wel ook sy gehoorsaamheid, soos wat God aan Yitz'gak gesê het:

4 en Ek sal jou nageslag vermeerder soos die sterre van die hemel en aan jou nageslag al hierdie lande gee en in jou nageslag sal al die nasies van die aarde geseën wees

5 omdat Avraham My stem gehoorsaam het en My opdragte, My bevele, My verordeninge en My wette nagekom het.” (Gen. 26:4-5).

Dan is dit baie belangrik om te verstaan dat Avraham se vertroue was in die belofte van dié Een wat sou kom deur wie al die nasies van die aarde geseën sou word (Gen. 18:18; Gen. 22:18). Yeshua het dit bevestig toe Hy gesê het:

Avraham, julle vader, het begeer om My dag te sien en hy het dit gesien en hom verheug.” Joh. 8:56.

Hiermee het יהוה die ewige patroon gevestig van vertroue en getrouheid tot onpartydige opregtheid. Op hierdie wyse word elkeen, soos ons vader Avraham, ons Vader-God se seëninge deelagtig. Eers vertroue in Yeshua as die sondoffer tot vergifnis en dan 'n leefwyse van gehoorsaamheid! Vertroue in God is getrouheid wat uit liefde vir die onverdiende guns in Yeshua gemotiveer word!!

Bepeins of Bespreek

1. Avraham is deur vertroue as onpartydig en opreg verklaar (Rom. 4:2, 3 en 9), maar deur sy werke (dade) het sy vertroue volkome geword, naamlik die doel bereik (Jak. 2:21 en

22). Vertroue sonder werke is nutteloos (Jak. 2:14-26). Deur Torahgehoorsaamheid word ons geloof volkome!

2. Lees 1Joh. 2:4-5. Is gehoorsaamheid die bewys dat ek יהוה waarlik liefhet en die wyse om Sy liefde vir my te beantwoord?

Beloftes Vereis Geduld

Hoewel Avram die vader van vertroue is, het ongeloof (wantroue) na 'n wagtyd vir die belofte van 'n seun veroorsaak dat Avram en Sarai vir יהוה op vleeslike wyse "wou help" om die belofte van 'n erfgenaam te laat realiseer.

¹ Sarai, die vrou van Avram, het vir hom geen kinders voortgebring nie en sy het 'n slavin uit Mitzrayim gehad met die naam van Hagar.

² Sarai het vir Avram gesê: "Let op, יהוה het van my teruggehou om geboorte te gee. Gaan, wees intiem met my slavin; miskien kan ek kinders deur haar hê." Avram het na Sarai geluister.

³ Sarai, die vrou van Avram, vat vir Hagar, haar slavin van Mitzrayim en gee haar aan haar man Avram as vrou nadat Avram tien jaar in die land Kena'an gewoon het

⁴ Hy was intiem met Hagar en sy het swanger geword. Toe sy sien dat sy swanger is, was haar meesteres veragtelik in haar oë. Gen. 16:1-4.

Die uiteindelijke gevolg was die geboorte van Yishma'el, die seun van Avram by die slavin Hagar. Hierdie was nie volgens die wil van יהוה nie, maar was volgens die wil van Avram en Sarai.

Yishma'el was 'n wilde-esel van 'n mens (Gen. 16:12) en het die vader van 'n menigte van die Arabiese volke geword. Die gevolg van Avram se ongeduld en eie wil is steeds vandag 'n probleem waarmee Yisra'el en die wêreld te doen het.

Die les wat ons uit hierdie gebeure leer is dat deur voortgesette vertroue in יהוה en deur geduld neem ons die beloftes van יהוה in besit!

¹⁵ Almal se oë wag op U en U gee hulle kos op die regte tyd.

¹⁶ U maak U hand oop en versadig die begeerte in elke lewende wese. Ps. 145:15-16.

Toe Avraham honderdjaar oud was is sy seun volgens die belofte gebore soos ons in Gen. 21:1-5 lees:

¹ יהוה het Sarah besoek soos Hy belof het en יהוה het aan Sarah gedoen soos Hy gesê het:

² Sarah het bevrug geword en geboorte gegee aan 'n seun vir Avraham, in sy hoë ouderdom, op die bepaalde tyd wat God vir hom gesê het.

³ Avraham het sy seun wat vir hom gebore is, aan wie Sarah vir hom geboorte gegee het, Yitz'gak genoem.

⁴ Avraham het sy seun Yitz'gak besny toe hy agt dae oud was, soos God hom beveel het

⁵ en Avraham was honderd jaar oud toe sy seun Yitz'gak vir hom gebore is.

Op die ouderdom van negen-en-negentig jaar het Avram die verbondsteken van die besnydenis 'ontvang' en het יהוה sy naam na Avraham verander en die van Sarai na Sarah. יהוה is vanaf daardie dag bekend as die God van Avraham, asook die God van sy nageslag (Yitz'gak en Ya'akov). Avraham het die vader van 'n menigte van nasies geword (Gen. 17:5). Hy was die eerste Hebreër en die vader van יהוה se volk, Yisra'el, en uiteindelik van

elkeen wat vertrou in Yeshua as die gekruisigde en opgestane Gesalfde van God tot sondevergifnis en versoening.

Dit moet egter onthou word dat Avraham ook die Vader van die nageslag van Yishma'el is en daarom beskou die Moslems hom ook as hulle vader.

Bepeins of Bespreek

1. Verkeerde besluite het dikwels langtermyn gevolge! Ons sondes (ongehoorsaamheid, wantroue) word vergewe wanneer ons ware berou het, maar die gevolge word nie noodwendig uitgewis nie. Wat ons saai sal ons maai! Die oes moet eers van die land afgehaal word. Dit is 'n les wat die geskiedenis van Avraham ons leer.
2. Vader-God se doel in jou en my lewe is nie om ons drome waar te maak nie, maar om ons in gedagtes, woorde en dae gelykvormig aan Yeshua te maak. Verwys Ps. 26:2; Ps. 66:10; Sag. 13:9; 1 Pet. 1:3-9 (veral verse 6 tot 9); Rom. 8:29; Rom. 12:2. Hierdie is 'n proses wat satan sal wil verhinder om voltooi te word. Onthou: die einddoel van jou vertroue is die redding van jou siel (1Pet. 1:9 en Jak. 1:21), naamlik die bevryding van jou wil, denke en emosie om in alles aan Yeshua gelykvormig te word en dus Torahgehoorsaam te lewe. Jou gees word wederbaar sodat jou gemoed (siel) vernuwe kan word deur die waterbad van יהוה se Woord (Ef. 5:26).

-0-0-0-0-0-0-0-0-

Ontvang יהוה se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom!

Johan.

Epos: kontak@nuwelielied.info

Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.